# WILSBESLUIT

in die krag en ondersteuning van Jesus Christus, om volle verantwoordelikheid vir myself en my huismense te aanvaar.

EK SAL hulle liefhê, beskerm en dien, en hulle in God se Woord onderrig, as die geestelike leier van my huis.

EK SAL getrou bly aan my lewensmaat, my lewensmaat liefhê en respekteer, en is gewillig om my lewe vir my lewensmaat af te lê net soos Jesus Christus dit vir my gedoen het.

EK SAL my kinders seën, leer en hulle aanmoedig om God met hulle hele hart, krag en verstand lief te hê.

EK SAL my kinders leer en aanmoedig hoe om eerbied vir gesag te hê en om met verantwoordelikheid te leef.

EK SAL die bose in die naam van die Here konfronteer, geregtigheid nastreef en genade my passie maak.

Ek SAL vir ander bid en met vriendelikheid, respek en deernis teenoor hulle optree.

EK SAL ywerig werk om in my gesin se behoeftes te voorsien.

EK SAL dié vergewe wat verkeerd teenoor my opgetree het en versoening soek met die wat ek te na gekom het.

EK SAL leer uit my foute, berou hê oor my sonde en met integriteit leef as 'n gesant wat aan God rekenskap moet gee.

EK SAL poog om God in alles te eer, getrou te bly aan Sy Kerk, om Sy Woord te gehoorsaam en Sy Wil te doen.

EK SAL met die krag wat God my gee moedig werk om vir die res van my lewe by hierdie wilsbesluit te bly tot Sy eer.

## WAT MY EN MY FAMILIE BETREF, ONS SAL DIE HERE DIEN

JOSUA 24:15

GETEKEN: ______________________ DATUM: ______________

GETEKEN: ______________________ DATUM: ______________